

**9 Junie**

**Skrifgedeelte: 1 Samuel 9:1-10:16**

**‘n Koning word deur ‘n profeet gesalf**

Dit is darem wonderlik hoe die Here soms klein gebeurtenisse gebruik om 'n bepaalde doel in ons lewe te bereik. Neem vir Saul as voorbeeld: Hy moet sy pa se donkies gaan soek - en hy beland by Samuel! Hierdie ontmoeting was nie toevallig nie. O nee! Reeds 'n dag voor sy koms het die Here dit vertroulik aan Samuel geopenbaar dat hy 'n besoek van Saul sal ontvang, en dat Samuel hom as koning van Israel moet salf om Israel uit die mag van die Filistyne te red.

Samuel het presies gedoen soos die Here hom beveel het. Nadat hy 'n van-hart-tot-hart-gesprek met Saul gevoer het, het hy hom die volgende môre as koning gesalf. Dit het hy gedoen deur 'n kruik olie oor Saul se kop uit te giet as simbool van die Gees van God se teenwoordigheid en krag in Saul se lewe. Ja, die salwing moes die koning aan sy verantwoordelikheid herinner om Israel volgens die wysheid van God - en nie volgens sy eie insig nie - te lei. En om die koning in sy geloof te versterk, word drie tekens aan hom gegee (10:2-8).

As Christene is ons deur die Heilige Gees gesalf tot konings in diens van ons Koning, Jesus Christus. As konings is ons geroep om op elke terrein van die lewe koninklik tot eer van God te stry, en koninklik oor die duiwel en die sonde te heers. Ja, ons word geroep om ons kruis koninklik te dra, ons medemens koninklik te vergewe en die Woord van God koninklik aan ander te verkondig!

*Sing: Skrifberyming 25:1-4*

*Dr CJ Malan (Emeritus)*